Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee
Sirkuleer aan Streekanddroste: Ja / Nee
Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: / Case number: **CA&R 171/04**

Datum verhoor: / Date heard: **21/08/2006**

Datum gelewer: / Date delivered: **08/09/2006**

In die appél van:

**OLIVIER, SUSANNA** Appellante/Applikante

en

**OLIVIER, JOHANNES PAULUS** **Respondent**

*Coram: Majiedt R et Molwantwa WnR*

# UITSPRAAK

**MAJIEDT R:**

1] Die appellante/applikante (na wie ek verder hierin sal verwys as die "appellante" ) kom in hoër beroep teen twee kostebevele wat teen haar toegestaan is in die landdroshof te Victoria-Wes.

Daarmee saam doen sy aansoek vir die kondonasie van die nie-nakoming van die bepalings vervat in Eenvormige Hofreël 50(1) saamgelees met Reëls 50(4)(a) en 50(7)(a). Sy doen ook aansoek vir die herinstelling van die appèlle onder saaknommers 9/2003 en 17/2003, Victoria-Wes Landdroshof.

Die respondent opponeer die appèl sowel as die regshulp wat in die voormelde aansoek aangevra word.

2]Die partye is met mekaar getroud, maar die appellante het 'n egskeidingsgeding ingestel teen die respondent gedurende Maart 2003 (ons moes tot ons verbasing tydens aanhoor van betoë verneem dat hierdie geding steeds nog nie afgehandel is nie).

3]Op 24 Februarie 2003 is 'n voorlopige beskermingsbevel ingevolge die bepalings vervat in die Wet op Gesinsgeweld, 16 van 1998 (hierna genoem "die Wet") teen die respondent uitgereik op aansoek van die appellante in die Landdroshof te Victoria-Wes onder saaknommer 9/2003. Die appellante het in persoon opgetree tydens die voormelde aansoek. Die voorlopige bevel is blykens die oorkonde van daardie verrigtinge finaal gemaak op 18 Maart 2003.

4]Die appellante het daarna skriftelik kennis gekry van respondent se prokureur, Mnr Rich van De Aar, dat aansoek gedoen sou word op 15 Mei 2003 vir die tersydestelling van die beskermingsbevel. Die aangeleentheid is egter nie op daardie datum gefinaliseer nie en die appellante is toe weer per aangetekende pos in kennis gestel van die terrolleplasing van die tersydestellingsaansoek op 23 Junie 2003. Op daardie datum is die aansoek uitgestel na 4 Julie 2003. Die appellante was nie by laasvermelde datum se verrigtinge aanwesig nie. Mnr Rich, wat die respondent verteenwoordig het, het aansoek gedoen vir die tersydestelling van die

beskermingsbevel. Hy het aan die hand gedoen dat kennis behoorlik per aangetekende pos aan die appellante gegee is – dié submissie was onjuis, want daardie kennisgewing het inderwaarheid verwys na die terrolleplasing van 23 Junie 2003 (nóg die appellante nóg die respondent was teenwoordig in die Hof op laasvermelde datum).

5]Op 4 Julie 2003 is die beskermingsbevel onder saaknommer 9/2003 tersydegestel en is die gewraakte kostebevel ook toegestaan teen die appellante soos aangevra. Die kostebevel is toegestaan op prokureur/kliënt skaal en het voorbereiding en reiskoste vanaf De Aar na Victoria-Wes ingesluit.

6]Op 3 Junie 2003 het die appellante opnuut ‘n beskermingsbevel teen die respondent bekom onder Victoria-Wes landdroshof saaknommer 17/2003. Op die keerdag daarvan, wat toevallig ook 4 Julie 2003 was, het slegs die respondent en sy prokureur, mnr Rich, verskyn. Die appellante voer aan in haar funderende eedsverklaring dat sy nie bewus daarvan was dat sy ook op die keerdag moes verskyn nie. Die tussentydse bevel is toe verleng tot 11 Julie 2003 sodat die appellante behoorlike kennis kon kry en die kostebevel het oorgestaan tot dan. Die landdros het egter ook **mero motu,** voordat die saak uitgestel is, die getuienis van inspekteur Scholtz aangehoor aangaande die meriete.

7]Op 11 Julie 2003 was die appellante weer afwesig. Daar is na

haar gesoek by die hofgebou en aangesien die landdros tevrede was dat sy behoorlik kennis gekry het van die verrigtinge ('n sogenaamde *"getuiedagvaarding in 'n strafsaak"* is op 8 Julie 2003 deur 'n polisiebeampte op die appellante beteken), is die aansoek vir tersydestelling toegestaan. Daarbenewens is 'n kostebevel ook toegestaan wat *"insluit reis, voorbereiding en verskyning"*.

8]Volgens die appellante het sy eers bewus geword van die voormelde twee tersydestellingsbevele gedurende Augustus 2003 toe twee kennisgewings van taksasie op haar beteken is. Sy beweer dat sy daarna dadelik vir prokureur Van Niekerk van Beaufort-Wes (wat vir haar in die egskeidingsgeding optree) beopdrag het om appèl aan te teken teen die twee kostebevele. Sodanige appèl is dan ook aangeteken op 10 September 2003.

9]Die appellante se saak vir kondonasie van haar versuim en vir die herinstelling van die appèlle is grootliks daarop gebaseer dat:

[91] Sy, soos bovermeld, onbewus was van die bevele wat in haar afwesigheid teen haar toegestaan is; en

[92] die klerk van die landdroshof, Victoria-Wes, versuim het om die oorkonde tydig beskikbaar te maak. Dié versuim het inteendeel die appellante genoodsaak om 'n **mandamus** in hierdie Hof te bekom onder saaknommer 610/2004. Daarvolgens het hierdie Hof gelas dat die klerk van die landdroshof Victoria-Wes, uitvoering gee aan die

bepalings van landdroshofreël 51(8)(a) ten aansien van die voormelde twee sake.

10]Die appellante moes die volgende stappe neem om appèl aan te teken (ingevolge die landdroshofreëls) en om die appèl voort te sit (ingevolge die Hooggeregshofreëls):

[101] Binne 10 (tien) dae nadat die onderskeie bevele uitgereik is moes 'n skriftelike versoek vir 'n geskrewe uitspraak van die klerk van die hof aangevra gewees het – só 'n versoek moes vergesel word van 'n R70.00 inkomsteseël (Landdroshofreël 51(1) ).

[102] Appèl moes aangeteken gewees het binne 20 (twintig) dae vanaf datum van die bevel waarteen geappelleer word of binne 20 (twintig) dae nadat die klerk van die hof 'n afskrif van die aangevraagde geskrewe uitspraak verskaf het, welke tydperk ookal langer is (Landdroshofreël 51(3) ).

[103] Die appèl moes aangeteken gewees het deur aflewering van 'n kennisgewing van appèl sowel as sekuriteit vir die respondent se koste van appèl in die bedrag van R1 000.00 (Landdroshofreël 51(4) ).

[104] Die appèl moes voortgesit word binne 60 (sestig) dae na die aflewering van 'n kennisgewing van appèl, by versuim waarvan die appèl geag word te verval het

(Hooggeregshofreël 50(1) ). Voortsetting van 'n appèl geskied deur die aflewering van 'n skriftelike aansoek vir 'n verhoordatum aan die Griffier van die Hooggeregshof, met kennisgewing aan ander partye, binne 40 (veertig) dae vanaf die datum van aflewering van die kennisgewing van appèl in die Landdroshof (Hooggeregshofreël 50(4)(a) ).

[105] Gelyktydig met die aflewering van 'n aansoek vir 'n verhoordatum soos voormeld, moes die appellante twee (of meer, indien nodig) afskrifte van die oorkonde van die verrigtinge indien by die Griffier (Hooggeregshofreël 50(7)(a) ).

[106] By ontvangs van 'n verhoordatum moes die appellante 'n kennisgewing van terrolleplasing aflewer en skriftelik daarvan kennis gee aan die klerk van die Landdroshof (Hooggeregshofreël 50(5)(b) ).

en Nuttige samevatting van die volledige appèlprosedure verskyn in **De Rebus,** Februarie 2001 te 22-23. Praktisyns kan gerus by dié bron kers opsteek in dié verband.

11]Volledigheidshalwe dien vermeld te word dat wat die klerk van die Landdroshof aanbetref die volgende moes plaasvind:

[111] Binne 15 dae na 'n skriftelike versoek vir 'n geskrewe uitspraak moes die landdros 'n geskrewe uitspraak aan die klerk oorhandig en laasgenoemde moes dit aan die appellante beskikbaar stel (Landdroshofreëls 51(1) en (2) ).

[112] Binne 15 (vyftien) dae ná ontvangs van 'n kennisgewing van 'n verhoordatum, moes die klerk van die Landdroshof die behoorlik gesertifiseerde oorkonde van die Landdroshofverrigtinge versend aan die Griffier (Landdroshofreeël 51(10) ).

12]Dit dien vermeld te word dat die appellante in haar funderende eedsverklaring in die kondonasie-aansoek glad geen melding daarvan maak of skriftelike redes eers aangevra is ingevolge landdroshofreël 51(1) nie.

Dit is natuurlik prosedureel nie nodig om eers sodanige redes aan te vra nie, indien die appellante van mening sou wees dat kennisgewing van appèl aangeteken kon word daarsonder. **In casu** het die verhoorlanddros in elk geval ná ontvangs van die kennisgewings van appèl, skriftelike redes verskaf ingevolge Landdroshofreël 51(8) (ek sal later na dié redes verwys).

Sien hieraangaande:
**Regering van die Republiek van Bophuthatswana v Van Zyl** 1981(1) SA 484 (NK) te 487 E tot H.

13]en Aspek van aansienlik groter belang is die verskaffing van sekuriteit vir die respondent se koste soos vereis in Landdroshofreël 51(4). 'n Kennisgewing van appèl is nie volledig nie, tensy die akte van sekuriteit ook ingehandig is, soos voorgeskryf. Gevolglik moet sekuriteit gelewer word en die kennisgewing van appèl ingedien word binne die tydperk voorgeskryf vir die aantekening van 'n appèl.

Sien **Kuruman Cape Blue Asbestos (Edms) Bpk v Boshoff** 1973(2) SA 663 (NK) te 669 D.

By ‘n versuim om aan die voorskrifte te voldoen, moet kondonasie by die Hof van appèl aangevra word – slegs dié Hof (en nie die verhoorhof/landdroshof nie) het die regsbevoegdheid uit hoofde van art 84 van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, om sodanige versuim te kondoneer op goeie gronde.

Sien: **Jones & Buckle, The Civil Practice of the Magistrates' Courts in South Africa**, Vol II, te 51-6 en sake daar aangehaal.

14]Die kondonasie van die nie-nakoming van die Reëls is nie ‘n blote formaliteit nie en ‘n applikant wat kondonasie vir sy versuim aanvra, moet ‘n Hof oortuig dat daar goeie gronde is om aan hom regshulp te verleen.

Vergelyk:

**Salojee NO v Minister of Community Development** 1965(2) SA 135 (A) te 138 D tot G;

**Uitenhage Transitional Local Council v South African Revenue Service**, 2004(1) SA 292 (SCA) te 297 H tot J.

15]Gewoonlik moet kondonasie en verlenging van tyd by wyse van ‘n substantiewe aansoek aangevra word, dit wil sê kennisgewing van mosie gerugsteun deur ‘n volledige eedsverklaring/s wat al die tersaaklike feite uiteensit.

Vergelyk:

**Boland Konstruksie Maatskappy v Petlen Properties** 1974(4) SA 291 (K) te 293 C tot H.

Daar word soms wel egter, in hoogs uitsonderlike gevalle, kondonasie toegestaan sonder dat 'n substantiewe aansoek daarvoor gedoen is. Ek sal aanstons in meer besonderhede met hierdie aspek handel.

16]In die onderhawige geval het die appellante glad nie 'n substantiewe aansoek voor hierdie Hof geplaas om 'n verlenging van die tydperk waarbinne sekuriteit vir respondent se koste van appèl gestel moes word, aan te vra nie. Soos alreeds hierin aangedui, het die appellante se prokureur twee kennisgewings van appèl ingedien by die Victoria-Wes landdroshof op 10 September 2003. Die borgakte ter sekerheidstelling is egter eers op 2 Oktober 2003 by daardie Hof geliasseer – dus buitentyds. Ek het tydens sy betoog aan mnr Botha (wat vir die appellante verskyn) uitgewys dat hierdie aspek alreeds in die respondent se betoogshoofde van 10 November 2005 pertinent te berde gebring is. Mnr Botha kon nie verduidelik waarom daar desnieteenstaande steeds nie 'n aansoek vir kondonasie van dié versuim gebring is tot op daardie stadium nie. Hy het toe wel vanaf die Balie aansoek gedoen vir kondonasie. Ek oorweeg vervolgens of hierdie 'n aangewese saak is om só 'n uitsonderlike prosedure te volg.

17]Mnr Botha het aan die hand gedoen dat daar geen nadeel vir die respondent kan wees indien kondonasie wel toegestaan word nie,

omrede die akte ter sekerheidstelling wel geliasseer is in die voorgeskrewe bedrag, alhoewel dit laat gedoen is. Mnr Van Niekerk, wat vir die respondent verskyn, het daarop geantwoord dat dit vir die appellante is om 'n saak uit te maak waarom haar versuim tegemoet gekom moet word. Enige moontlike nadeel kan eers bepaal word aan die hand van die redes wat appellante sou voorhou vir haar versuim.

18]Mnr Botha het aanvanklik op die saak van **Pilane v Northern Cape Tractors (Pty) Ltd** 1971(3) SA 619 (NK) gesteun vir 'n alternatiewe submissie, naamlik dat dit nie nodig is om aansoek te doen vir kondonasie nie waar die teenparty nie formeel by wyse van 'n substantiewe aansoek beswaar teen die appellante se versuim om betyds sekuriteit te stel gemaak het nie. In repliek het mnr Botha heeltemal tereg toegegee dat die **Pilane**-saak, supra, glad nie steun bied vir hierdie submissie nie.

In daardie saak is die Hof se **ratio decidendi** te vinde in die volgende dictum van Van den Heever R (soos sy toe was) te 622 E tot G:

> "Although the furnishing of security forms part of the act of noting an appeal … the fact that security has been given, and when, need not appear on the record of the appeal Court *<u>and does not so appear in the present instance</u> … An objection that, although prima facie in order, the noting of the appeal was in fact invalid, could <u>in the present case</u> therefore be taken only on notice of motion, with supporting affidavits".*
> (eie beklemtoning)

Die beweegrede vir só ’n vereiste is dus duidelik: ‘n beswaarmaker moet in sy/haar eedsverklaring/s op rekord plaas dat sekuriteit buitenstyds gestel is, waar sodanige feit nie uit die oorkonde self blyk nie.

In die onderhawige geval verskyn die borgakte ter sekerheidstelling in beide oorkondes voor die Hof, te wete in appèlsaaknommer CA&R 170/2004 (landdroshofsaaknommer 9/2003) en appèlsaaknommer CA&R 171/2004 (landdroshofsaaknommer 17/2003).

Die **Pilane**-saak (supra) is dus duidelik onderskeidbaar van die onderhawige.

19]Bestaan daar enige ander basis waarop aan die appellante kondonasie verleen kan word in die afwesigheid van ‘n behoorlike substantiewe aansoek?

Ek meen nie so nie.

In **Boland Konstruksie Maatskappy v Petlen Properties** (supra) het die appellant versuim om hoegenaamd sekuriteit te stel. Die respondent het ‘n substantiewe aansoek gebring vir skrapping van die appèl van die rol, vanweë die appellant se voormelde versuim. Die appellant het, soos hier, wel aansoek gedoen vir die kondonasie van sy versuim in twee ander opsigte, maar geen sodanige aansoek is gebring ten aansien van die nie-nakoming van die Reël betreffende sekuriteit vir die respondent se koste van

appèl nie.

Die appellant se advokaat het, tydens die betoogstadium, aansoek gedoen vir ‘n uitstel ten einde ‘n eedsverklaring voor die Hof te plaas wat sou aantoon waarom sekerheid nie gestel is nie. Dié aansoek vir uitstel is geweier, vir die volgende redes:

> *“In hoofsaak is ons beweegrede dat appellant 'n aansoek vir kondonasie ook in hierdie opsig, dit wil sê 'n aansoek waarkragtens die nie-nakoming van die bepalings van Reël 49 (12) gekondoneer sou word, by wyse van 'n behoorlike aansoek behoort te doen. Ek sê behoorlike aansoek en daarmee bedoel ek 'n aansoek gestaaf deur 'n beëdigde verklaring waarin redes aangevoer word waarom die bepalings van die Hofreël nie nagekom is nie. Op hierdie tydstip is hierdie Hof geheel-en-al onbewus van welke redes daar mag wees vir hierdie nie-nakoming. Daarbenewens is respondent in die appèl, applikant in hierdie aansoek, ook geregtig om op beëdigde verklaring te verneem welke redes bestaan vir die nie-nakoming van die bepalings van die Reël en moet hy 'n geleentheid gegun word om daarop te antwoord. Daar is egter ook ander oorwegings. Dit is dat daar in verskeie opsigte 'n nie-nakoming was van die Reëls van die Hof. Weliswaar prima facie lyk dit asof daar verduidelikings gegee word vir hierdie nie-nakoming, maar die wyse waarop hierdie appèl aan die Hof voorgedra is, dui op 'n ongelukkige toestand van sake en 'n verontagsaming van die Reëls van die Hof wat na ons mening dit ongewens maak dat ons 'n informele prosedure sou volg en op informele wyse kondonasie sou toestaan van die bepalings van die Hofreëls. Na ons mening moet mnr. Hodes se betoog gehandhaaf word; naamlik, dat ons nie hierdie aansoek om kondonasie van die nie-nakoming van die Reëls kan toestaan nie. Appellant het nie die bepalings van Reël 49 (12) nagekom nie. Hy het aan hierdie Hof geen verduideliking verskaf waarom hy die bepalings van die Reël nie nagekom het nie. Bygevolg is dit onvanpas vir hierdie Hof om 'n aansoek vir kondonasie van nie-nakoming van ander bepalings van die Reëls tans te oorweeg. Geen verduideliking is aan die Hof verskaf nie waarom sekuriteit nie gegee is nie en in hierdie omstandighede meen ons dat die appèl van die rol geskraap moet word.”*
> (te 293 D tot H)

Na my mening kan presies dieselfde gesê word van die geval voor

ons. Die appellante en haar prokureur was reeds op 10 November 2005 daarop attent gemaak in respondent se betoogshoofde dat daar ‘n beswaar teen hierdie versuim is en dat, by gebrek aan ’n kondonasie-aansoek, daar gevra sal word dat die aansoek vir herinstelling van die appèlle afgewys word. Desnieteenstaande is geen substantiewe aansoek gebring nie.

20]‘n Bondige oorsig van daardie gewysdes waar wel kondonasie verleen is sonder dat ‘n substantiewe aansoek daarvoor gebring is, ondersteun ook my slotsom dat daar nie in hierdie saak só ‘n uitsondering gemaak behoort te word nie.

[201] In **Ntobe v Dwanya** 1921 EDL 305 was die Hof tevrede dat daar geen nadeel is vir die respondent waar ‘n afskrif van die kennisgewing van appèl nie op hom beteken is nie en waar daar geen spesiale kondonasie-aansoek was nie. Die Hof kom tot dié bevinding omdat die respondent wel skriftelik in kennis gestel was dat appèl aangeteken is.

[202] In **Nafte v Dembo and Lipson** 1920 TPD 52 het die Hof regshulp toegestaan vir kondonasie sonder dat daar ‘n substantiewe aansoek daarvoor was, omrede daar namens die respondent toegegee is dat hy **geen nadeel sal ly nie** en omdat die redes vir die appèl wel by die klerk van die Hof geliasseer is.

[203] In **Bloemfontein Town Council v Jacksons Ltd (1)** 1928

OPD 115 het die appellant versuim om, soos statutêr vereis, in sy kennisgewing van appèl aan te dui of die appèl teen slegs 'n gedeelte van of teen die hele uitspraak is. Die Hof het gelas dat die appèl van die rol geskrap word, maar het terselfdertyd verlof aan die appellant verleen om sy kennisgewing van appèl te wysig en 'n nuwe verhoordatum vir die appèl is ook vasgestel.

[204] In **JRN Swain & Co. v Davies & Barrow (Pty) Ltd** 1972(3) SA 921 (N) was die oorkonde onvolledig en is daar ook nie tydig kennisgewing van terrolleplasing gegee nie. Kondonasie is verleen nadat só 'n aansoek van die Balie gedoen is.

Die Hof se motivering daarvoor was primêr die feit dat respondent toegegee het dat daar geen nadeel sal voortspruit nie.

21]In hierdie saak voor ons het mnr Van Niekerk pertinent beswaar gemaak teen hierdie versuim. Hy het ook betoog dat enige moontlike nadeel eers oorweeg sal moet word aan die hand van die appellante se eedsverklaring in 'n kondonasie-aansoek.

In dié sin dus verskil die onderhawige geval radikaal van die gewysdes hierbo aangehaal waar kondonasie wel toegestaan is sonder dat daar 'n substantiewe aansoek was.

‘n Geregshof moet per slot van sake tog reg en geregtigheid laat geskied teenoor albei gedingspartye.

Vergelyk in dié verband weer die dictum in **Boland Konstruksie Maatskappy v Petlen Properties**, hierbo aangehaal in par. 19.

Verder is dit natuurlik so dat hierdie Hof later mag beslis dat, selfs op die appellante se eie verduideliking in ‘n kondonasie-aansoek, daar geen goeie rede bestaan om haar versuim te kondoneer nie, óf omrede daar ‘n growwe miskenning van die Reëls was óf dat ‘n moedswillige nalate die oorsaak van die versuim was.

Sien: **Pick v Mtyali** 1930 TPD 712.

22]Die onafwendbare gevolg is dat die appèlle van die rol geskrap moet word met koste. Hierdie is ‘n uiters ongelukkige slotsom.

Ek is die prima facie mening toegedaan dat die appellante baie goeie vooruitsigte op sukses op die meriete het.

Art 15 van die Wet magtig ‘n Hof om ‘n kostebevel teen ‘n party in hierdie tipe verrigtinge te maak slegs indien hy tevrede is dat só ‘n party op ‘n beuselagtige, kwelsugtige of onredelike wyse opgetree het.

In hierdie saak is daar na my prima facie mening geen aanduiding van voormelde oorweginge nie, inteendeel in beide gevalle was die verhoorlanddros dusdanig oortuig dat hy ‘n voorlopige bevel uitgereik het.

Verder is daar hoegenaamd geen basis op die oorkonde te vinde waarom van ‘n prokureur buite Victoria-Wes gebruik moes word nie en waarom reiskoste en voorbereidingskoste ook toegestaan is nie. Ook die verlening van ‘n prokureur-kliënt kostebevel is na my mening nie geregverdig nie.

23]Die landdros se redes wat hy verskaf het vir die toestaan van hierdie kostebevele grens aan die onsinnige:

[231] In saaknommer 9/2003, lui die landdros se redes as volg:

> "3. *Bevel om opheffing van die beskermingsbevel is toegestaan, met die (verlangde) kostebevel* ***bloot omdat Respondent nie opgedaag het by verrigtinge nie****". (Die beklemtoning is my eie).*

[232] In saaknommer 17/2003 word die volgende redes voorgehou:

> 8. en Kostebevel is weereens aangevra en só toegestaan deur die hof.
>
> *9. Ek wens nie verdere redes aan te voer nie en laat dit oor aan die partye se onderskeie regsverteenwoordigers om die aangeleentheid op appèl te argumenteer."*

24]Die voormelde redes is tipies van hoe die verrigtinge hierin hanteer is deur die verhoorlanddros. Sonder om te probeer veralgemeen, kom dit my ongelukkig voor asof baie landdroste min aandag bestee aan die behoorlike hantering van gesinsgeweld sake. Dit is 'n absolute jammerte en strek die regspleging glad nie tot eer nie.

25]en Laaste aspek wat ongelukkig vermeld moet word is die slordige wyse waarop die appellante se regsverteenwoordigers haar appèl hanteer het. Dit verg uiteraard erkenning dat die vernaamste oorsaak van die lang vertraging en die gevolglike nie-nakoming van die voorskrifte vervat in die Reëls voor die deur van die klerk van die

Hof te Victoria-Wes gelê moet word.

Daarom was die appellante dan ook genoodsaak om hierdie Hof te nader vir regsverligting ten einde die oorkonde te bekom. Desnieteenstaande laat die volgende nalates van die appellante se regsverteenwoordigers veel te wense oor:

(a) Prokureur Van Niekerk het soos alreeds vermeld, versuim om betyds die akte van sekerheidstelling af te lewer – die rede/s vir die versuim is steeds duister.

(b) Die appellante se eedsverklaring ter ondersteuning van haar kondonasie-aansoek is onvolledig ten opsigte van wesenlike aspekte en is feitelik onjuis in meer as een opsig. ‘n Treffende tekortkoming is haar stilswye aangaande die redes vir haar nie-bywoning van die tersydestellingsverrigtinge, veral op 11 Julie 2003, nadat ‘n sogenaamde *“getuiedagvaarding”* ten aansien van daardie verrigtinge alreeds op 8 Julie 2003 op haar persoonlik beteken is deur ‘n polisiebeampte.

(c) Selfs al het die klerk van die Hof erg voete gesleep met die oorkonde, gaan die appellante se eedsverklaring mank aan ‘n uiteensetting van belangrike datums, ondermeer presies wanneer sy haar prokureur beopdrag het om appèl aan te teken, wanneer die oorkonde uiteindelik ontvang is en by die Griffier geliasseer is en wanneer aansoek gedoen is vir

verhoordatums.

(d) 'en Kennisgewing van Mosie wat min of meer ook lui soos die oorspronklike een, is opnuut geliasseer op 14 Augustus 2006 (dus 'n week voor die verhoordatum). Dit is vergesel van 'n ondersteunende eedsverklaring van prokureur Haddad. Daarin word verduidelik waarom die oorkondes, wat alreeds gedurende Julie 2004 ontvang is, eers op 8 November 2004 ingedien is, op welke datum daar toe ook by die Griffier aansoek gedoen is vir 'n verhoordatum. Hierdie aspekte moes eerder in 'n repliserende eedsverklaring/s vervat gewees het (die respondent se opponerende eedsverklaring is alreeds op 21 Oktober 2004 geliasseer). Verder is daar natuurlik steeds nie in hierdie (nuwe) Kennisgewing van Mosie kondonasie aangevra vir die versuim ten aansien van tydige sekerheidstelling nie – dít nadat dié punt spesifiek geopper is in respondent se advokaat se betoogshoofde van 10 November 2005. Toe by mnr Botha verneem is tydens sy betoog wat die status van hierdie nuwe aansoek is, moes ons met verbasing verneem dat dit net dien om die aanvullende verklaring van prokureur Haddad voor die Hof te plaas. Daar was hoegenaamd geen aansoek vir sodanige vergunning nie.

26]In **Salojee NO v Minister of Community Development**, supra te 141 C het Steyn HR uitgewys dat:

> *"… there is a limit beyond which a litigant cannot escape the results of his attorney's lack of diligence or the insuffienciency of the explanation tendered".*

In hierdie saak is dit beslis die geval. Aan die ander kant weer het, soos ek alreeds hierin aangetoon het, die appellante se appèl teen die kostebevele aansienlike meriete. Die appellante se posisie wek by my aansienlike empatie:

a) Eerstens het, soos ek vermeld het, die verhoorlanddros nagelaat om behoorlik die twee aansoeke te bereg, meer bepaald ten aansien van die twee kostebevele.

b) Tweedens het die klerk van die Landdroshof die appèlproses erg vertraag deur die versuim ten aansien van die oorkonde.

c) Laastens het haar eie regsverteenwoordigers nie met die nodige sorg en toewyding haar appèl hanteer nie.

27] Die aangewese bevel hierin sal na my mening wees om die appèl van die rol te skrap met koste. Hierdeur word die appellante nie finaal ontneem van 'n geleentheid om die nodige aansoekstukke voor te berei ten einde op behoorlike wyse kondonasie aan te vra vir die laat liassering van die akte ter sekerheidstelling nie. 'n Aansoek vir kondonasie van die nie-nakoming van ander voorskrifte kan dan weer gebring en opnuut oorweeg word. Hierdie aangeleentheid is, op die feite en op die reg, feitlik presies dieselfde as dié in die saak van **Boland Konstruksie Maatskappy v Petlen Properties**, supra.

'n Bevel soortgelyk as die een uitgereik in daardie saak sal na my mening ook hierin vanpas wees. Ek benadruk egter die feit dat die kondonasie-aansoek en aansoek vir herinstelling van die appèlle tans voor ons, nie op die meriete afgewys word nie, maar slegs omrede *"dit onvanpas (is) vir hierdie Hof om 'n aansoek vir kondonasie van nie-nakoming van ander bepalings van die Reël **tans** te oorweeg"*. (Sien **Boland Konstruksie Maatskappy v**

**Petlen Properties**, supra te 293 H – eie beklemtoning).

28]Ek reik die volgende bevel uit:

**[281] Die appèl word van die rol geskrap met koste.**

**[282] Die appellante se aansoek vir kondonasasie van die nie-nakoming van Hooggeregshofreël 50(1) gelees met 50(4) en 50(7)(a) en vir herinstelling van die appèlle onder saaknommers 9/2003 en 17/2003 word afgewys met koste.**

**[283] Die kostebevel hierbo vermeld sal insluit die koste aangegaan deur die respondent ten aansien van die meriete van die appèl.**

________________

SA Majiedt
**REGTER**

Ek stem saam.

________________

BC Molwantwa
**WAARNEMENDE REGTER**

Namens die appellante/applikante: Adv CH Botha (i.o.v. Elliot, Maris, Wilmans & Hay Prokureurs, Kimberley

Namens die respondent: Adv JG van Niekerk SC (i.o.v. L Coetzee Prokureur, Kimberley)